MATIES RUGBY

# Maties Rugby Nuus

Junie 2025




## 'n Seisoen van hoogtepunte, laagtepunte en bestendige toewyding

Soos ons die middel van die jaar nader, is dit 'n goeie tyd om stil te staan en nabetragting te doen – oor die oomblikke wat die moeite werd was om te vier en die areas waarin ons moet verbeter. Maties Rugby bly verbind tot uitnemendheid op die langtermyn, en 2025 het 'n oorvloed van lesse, uitdagings en vordering gebied.

**Drikus Hancke**
**HOOF: MATIES RUGBY**

### Varsitybeker-seisoen: 'n Trotse mylpaal

Ons het die Varsitybeker-seisoen met gemengde welslae afgesluit. Ons manspan kon nie die knoop deurhak in die eindstryd teen die Universiteit van Kaapstad nie – 'n moeilike uitslag om te aanvaar, veral gegewe alles wat in die veldtog belê is. Nogtans kan 'n mens nie die groep se toewyding in twyfel trek nie, en daar was karaktervolle oomblikke wat 'n belangrike rol sal speel in die tweede helfte van die jaar.

Die storie van die Varsitybeker-veldtog behoort egter aan ons vrouespan, wat uitstekend gevaar het om as Varsitybeker-kampioene gekroon te word. Hul oorwinning was welverdiend en weerspieël die groei en momentum van ons vroue se hoëprestasieprogram. Dis 'n uitkoms waarop ons baie trots is en wat dien as bewys van die talent wat in die klub ontwikkel word.

### 'n Seisoen van suksesvolle geleenthede

Hoewel daar gemengde welslae op die veld behaal is, was die Varsitybeker-seisoen 'n groot sukses. Die gemiddelde bywoningtal vir die ses tuiswedstryde in die Danie Craven-stadion was 70%, met die stadion wat op drie geleenthede uitverkoop was. Dit dien as 'n bewys van die blywende gewildheid van universiteitrugby op Stellenbosch. Die nuwe verkoperdorp en aanhangerstaproete is goed ontvang, en het bygedra tot 'n feestelike wedstryddagatmosfeer wat toeskouers se ervaring verbeter het. Die viering van 150 jaar van Maties Rugby het verdere betekenis by die seisoen gevoeg, met beduidende gemeenskap- en alumnibetrokkenheid.

### WP-liga: 'n Eerlike oorsig ...

Sedert die einde van die Varsitybeker-toernooi, het ons uitslae in die Westelike Provinsie-liga nie aan verwagtinge voldoen nie. Die senior manspan kon slegs een uit vyf wedstryde wen – 'n uitkoms wat nie die standaarde wat ons vir onsself stel, weerspieël nie. Die o.20-span het belowende oomblikke beleef (drie oorwinnings, een gelykopuitslag, en een nederlaag), maar inkonsekwentheid bly 'n probleem.
Daar is wel ligpunte. Sowel ons Victorians- as ons Cravens-span is steeds onoorwonne, en die Markotter-span, wat bestaan uit toegewyde voormalige studente, het na die kompetisie teruggekeer en almal beïndruk met vyf oorwinnings in ses wedstryde. Hierdie groepe dra by tot die breër gesondheid van die klub.

### Fokus op USSA

Die aandag verskuif nou na die USSA-toernooi. Dit is 'n geleentheid om die fokus te herstel en met 'n duidelike doelwit deel te neem. Ons weet waartoe ons in staat is, en ons is reeds besig met voorbereiding.

Ons moedig ons alumni en ondersteuners in Gauteng aan om die span by die Universiteit van Pretoria (Tuks) te ondersteun. Jul teenwoordigheid word raakgesien en waardeer. Die USSA-veldtog sal almal se ondersteuning benodig

LEES MEER

## Viering van 150 jaar – die tweede helfte!


Kyk gerus ons video wat Maties Rugby se ryk geskiedenis vier **Maties Rugby 150 Movie – Final Edit. En as jy nog nie jou Maties Rugby 150-gedenkhemp gekoop het nie, kan jy www.oldschool.co.za.** besoek. Daar is net 'n beperkte hoeveelheid beskikbaar. As jy inspirasie nodig het om deel te word van die maroennalatenskap, kan jy hierna kyk: **https://www.facebook.com/reel**- ons weet sommer jy sal baie trots wees!

Ons sal in die tweede helfte van 2025 ons Tuiskomsnaweek en gala-ete aanbied, sowel as baie geleenthede om ons spelers op die veld aan te moedig.

Hou jou WhatsApp-groep en Maties Rugby se Facebook-blad dop om seker te maak dat jy niks misloop nie – en hou jou oë oop vir ons Erfenisstorie-video's met 'n paar legendes wat jy dalk ken!




## Kapteine gesels oor rugby en leierskap



Maties Nuus het onderhoude gevoer met die kapteine van Maties Rugby se spanne vanjaar – Liza Slabbert, Ezekiel Ngobeni en Carel van der Merwe – en hul menings gevra oor leierskap, lesse wat hulle uit rugby geleer het, en wat dit vir hulle beteken om in maroen te speel.

LEES MEER

## Belê in ons kampioene

Die 150 Erfenisbeursfonds-veldtog duur voort. Ons teiken is R15 miljoen, en elke bydrae tel om toekomstige sterspelers te befonds om aan die Universiteit Stellenbosch te studeer en deel van Maties Rugby se hoëprestasieprogram te word. Vir meer inligting, kontak **Hans Scriba hscriba@sun.ac.za**

## BELANGRIKE DATUMS

**USSA 15's (mans & vroue)**
30 Junie-4 Julie – Universiteit van Pretoria (Tuks)

**WP-liga**
18 Junie – teen Kuilsriver RVK (tuis)
30 Julie – teen UWK (tuis)
2 Augustus – teen Hamilton-SP RVK (tuis)
6 Augustus – teen Villager VK (tuis)
9 Augustus – teen Helderberg RVK (tuis)
16 Augustus – teen SK-Walmers RVK (weg)
20 Augustus – teen UK (weg)

**KAMPUSRUGBY**
25 Julie – Beker-/plaatrondomtaliewedstryde
1 Augustus – Beker-/plaatrondomtaliewedstryde
8 Augustus – Beker-/plaatrondomtaliewedstryde
15 Augustus - Derbydag
22 Augustus – Halfeindstryde
29 Augustus – Eindstryd

**USSA 7's (mans & vroue)**
6-7 September by Coetzenburg

**150 VIERINGS**
11 September – Gala-ete en veiling
12 September – Alumnibraai
13 September – Maties teen UK-vertoonwedstryd

## Sluit aan by die gesprek:

**Tel:** 021 808 3802
**E-pos:** shareen7@sun.ac.za
**Facebook:** www.facebook.com/Matiesrugby
**Instagram:** @matiesrugby
**Web:** www.sport.sun.ac.za

MATIES RUGBY 150 1875 · 2025
A legacy that inspires
Ilifa elikhuthazayo
'n Erfenis wat inspireer